**SCHILDER SE VERBONDSBESKOUING**

S Le Cornu

Prof. SA Strauss het sy DD-proefskrif gedoen onder die titel: " 'Alles of Niks' – K. Schilder oor die verbond".[1]

Hy skryf daarin onder meer:

> "Ook na die Vrymaking kon Schilder dus nog altyd 'n verband tussen doop en wedergeboorte erken. Maar dan moet dit syns insiens so gestel word: die doop beseël aan ons die *belofte* van die verbond, wat onder meer insluit dat die Heilige Gees dit wat Christus reeds vir ons verwerf het (ons regverdigmaking en ons heiligmaking) aan ons *wil* toeeien. Hierdie toe-eiening geskied egter nie buite ons geloof om nie. Sodoende kon Schilder steeds die grondmotief van sy verbondsleer – die verantwoordelikstelling van die mens - by die betekenis van die doop handhaaf."

Wanneer hierdie paragraaf gelees word, moet in ag geneem word dat die vrygemaakte siening is dat die belofte van die verbond behoort aan almal wat gedoop is (of hul uitverkorenes is of nie). Vir hulle beteken 'ons' = elke dopeling. Dit wil sê die INHOUD van die belofte is vir elke kind kop-vir-kop.

Wat is die inhoud van die belofte van die verbond volgens Schilder ?

Dit word vir ons gesê in die woorde: "wat onder meer insluit dat die Heilige Gees dit wat Christus reeds vir ons verwerf het (ons regverdigmaking en ons heiligmaking) …"

Dus, almal wat die belofte ontvang, volgens die vrygemaakte siening, het REEDS die regverdigmaking en die heiligmaking wat Christus vir ons verwerf HET, ontvang.

Nou wil God deur die Gees dit graag aan 'almal' toe-ein, en die toe-eining vind nie buite die geloof om nie.

Dat God nie buite die geloof/geskiedenis om werk nie, maar juis die uitverkiesing realiseer en ontplooi deur roeping, wedergeboorte, regverdiging, geloof, bekering, heiligmaking, ens., is nié die kwelvraag of probleem in ons verbondsdebat nie, soos Bavinck dit dan ook stel aangaande die verhouding tussen uitverkiesing en verbond, in die woorde van Van Genderen:

> "... dat God de uitverkiezing uitvoert in de weg van het verbond, maar ook dat het verbond de weg beschrijft waarlangs de uitverkorenen tot hun bestemming worden geleid. 'Verkiezing en verbond zijn daarom niet te onderscheiden als een engere en ruimere kring, want zij omvatten beide dezelfde personen." (*Verbond en Uitverkiezing*, Van Genderen, 1992: 25).

<u>Die probleem is</u>: wat is die aard van die belofte en vir wie is die heilsbelofte ?

Nou weet ons vanuit die Skrif, belydenis en ervaring, dat almal nie glo nie en dat baie wat besny/gedoop is, verlore gegaan het (Rom.9). Die rede daarvoor –volgens die vrygemaaktes- is dat hul nie die eis van die verbond vervul het nie, nie die voorwaarde van geloof vervul het nie.

<u>Die vraag kom nou op</u>: maar as Christus vir ALMAL (wat gedoop is en die belofte ontvang het) REEDS hul regverdiging EN heiligmaking verwerf het, hoe kan enige een dan ooit verlore gaan ?

Ongehoorsaamheid aan die verbondseis is mos ook 'n sonde en het Christus dan nie REEDS sondevergifnis vir AL ons sondes verwerf nie ? Is die ongehoorsame 'nie-glo' nie, dan nie ook 'n sonde waarvoor Christus gesterwe het nie ? Het Christus dan nie juis vir AL die sondes gesterf nie, of is sy bloed nie genoegsaam vir al die sondes nie ?

Is Hy 'n halwe Verlosser ? (contra HK antw.30)

---

[1] Patmos: Bloemfontein, 1986.

Aan die ander kant, beteken dit dat hulle wat wel dan glo, iets ekstra gedoen het wat hul onderskei van hulle wat verlore gaan? Almal het dan *dieselfde* belofte ontvang: regverdiging en heiligmaking?

Beteken die feit dat hulle wat wel die voorwaardes vervul, die verbondseis nakom, dat hulle iets beter gedoen het met dit wat Christus reeds verwerf het vir hulle (regverdiging en heiligmaking), as wat hulle wat nie iets goeds gedoen het daarmee nie ?

Is die geloof (as verbondseis) dan nie deel van die weldade wat Christus vir ons verdien het nie (Ef.2:8-10; Fil.1:29) ? *As* die heilsbelofte vir almal is kop-vir-kop, en geloof *deel* is van die heilsbelofte wat almal ontvang het ("Het geloof is geen voorwaarde. Het is wel heilsnoodzakelijk, **omdat het zelf tot het heil behoort**." - Van Genderen en Velema se *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*, bl.565), waarom gaan sekeres dan nog verlore ?

As Christus dus die geloof ook reeds verwerf het (as deel van die regverdiging en heiligmaking), hoekom word almal dan nie gered nie, want volgens die vrygemaakte siening, het Hy alles vir elke dopeling verwerf ?

Dordt se verwerping is duidelik oor hierdie saak:

> "Die Sinode *verwerp* die dwaling van hulle wat leer: Christus het deur sy voldoening vir niemand met sekerheid die saligheid verdien nie; OOK NIE DIE GELOOF waardeur hierdie voldoening van Christus kragdadig tot saligheid toegeeëien word nie. Hy het, daarenteen slegs die mag, of die volkome wil vir die Vader verwerf om opnuut met die mense te handel en om nuwe voorwaardes, soos Hy wil, voor te skrywe. Die uitvoering daarvan sou van die vrye wil van die mens afhang. Dit sou dus kon gebeur dat óf niemand óf alle mense dit sou vervul.
>
> Die Sinode *leer*: Hierdie mense minag die dood van Christus geheel en al en aanvaar op geen wyse die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie. Hulle roep weer die dwaling van Pelagius uit die hel terug." (hoofletters bygevoeg – SLC)

<u>Ek hoop die probleme met Schilder en die vrygemaakte verbondsbeskouing is nou baie duidelik</u>:

1. In die Dordtse Leerreëls, veral hfst.1, bely ons dat die vrye welbehae van God deur die soewereine genadige uitverkiesing en die regverdige verwerping die verbond bepaal. Die vrygemaakte siening leer dat die 'verantwoordelikheid van die mens' die verbond, en by implikasie die uitverkiesing bepaal, ten minste in sy voortgaan en voleinding.

2. In Dordt, hfst.2 bely ons dat Christus se bloed gestort is vir die uitverkorenes, d.w.s. partikulêre versoening. Die vrygemaakte siening leer *by implikasie* dat Christus ook vir dopelinge gesterf het wat verlore gaan in die hel.

3. In Dordt hfst. ¾ bely ons dat alle mense –insluitende die uitverkorenes wat gered word- so verdorwe is dat hy uit homself geen maar geen voorwaarde kan vervul om gered te word nie. Christus het dit alles gedoen, ons ontvang dit uit genade deur die geloof, sonder enige werke. Die vrygemaakte siening leer dat almal by die doop 'n sekere soort 'genade' ontvang, en dat hulle wat daardie genade (verbondsbeloftes) reg gebruik gered word, d.w.s. die voorwaarde van geloof vervul.

4. In Dordt hfst.5 bely ons dat hy wat eenmaal geheilig is in Christus, d.w.s. in 'n liefdevolle band/verbond met God staan, nooit verlore sal gaan nie: "25 En dit is die belofte wat Hy ons beloof het, *naamlik* die ewige lewe." – 1 Joh.2. Volgens die vrygemaakte siening beteken dit dat hulle –of baie van hulle- wat in die ewige genadeverbond is, wat in Christus se bloed gemaak is, nogsteeds verlore kan gaan. Hierdie siening is nié die Evangelie van ons Here Jesus Christus nie.

Daarteenoor leer ons uit die Heilige Skrif en bely ons dit: God se genade, sy liefde, sy verbond is onvoorwaardelik en onweerstaanbaar.

Laat ons die HERE daarvoor dank en prys !